Maandelikse gemeentebrief November 2017

Wanneer ek terugkyk op 2017 kom ’n lang lys woorde by my op, wat iets verwoord van mense se belewenis die afgelope jaar. Sommige van hierdie woorde is gebruik in informele gesprekke om etenstafels, langs die sportveld en by kuiergeleenthede. Sommige kom uit koerantberigte of die radio en sommige van mense in oomblikke van broosheid en seer tydens pastorale gesprekke.

Die lys van woorde is onder andere: *Moeg, depressie, staatskaping, misdaad, bang, skuld, rommelstatus, angs, plaasaanvalle, moord, regering, seer, breingewas, spanning, werksdruk, verkeer, beroerte, werkloosheid, BEE, kanker, bestraling, trauma, krisis, graf, droogte, rooftog, Zuma, treur, Guptas, rassisme, SARS, verkrag, Alzheimers, pyn, dood, chemoterapie, VIGS, bedel, verslaaf, arm, aborsie, tegnologie, gejaag, plakkerskampe, kospakkies, boelies, winskoop, slaggate, selfdood, skynheilig, skei, anti-depressant, sekwestrasie, emigreer.*

Agter baie van hierdie woorde lê daar ’n dieper storie van seer wat ’n mens se energie op die lang duur tap, die toekoms donker laat lyk en jou vreugde kan steel.
Maar gelukkig eindig ons stories nie hier nie. Geloof stel ons in staat om met ander oë na ons omstandighede en na mekaar te kyk. Dit help ons om met nuwe woorde te praat oor daardie dinge wat ons soms lamlê.

Na ’n lang (en vir sommige ook uitputtende!) jaar vol uitdagings vier ons binnekort Advent. Advent beteken onder andere “gereedmaak” of “koms” en ons fokus op die Christus-kind wat Hom kom tuismaak het tussen ons. Jesus se koms was ook midde ’n stormagtige tyd in Israel se geskiedenis. Die Jode se moraal was laag en hulle uitsig op die toekoms donker. Hulle omstandighede toon nogal baie ooreenstemming met die omstandighede wat ons vandag ervaar.

Dit was juis vir tye soos hierdie dat Hy gekies het om mens te word. Christus se teenwoordigheid en vars boodskap bring ’n nuwe perspektief op God; dit help ons verder kyk; dit transformeer moeë en stukkende lewens en dit bring hoop in alle omstandighede.
Hiervan kan ek eerstehands getuig. Daarom kom nog ’n lys woorde by my op. Hierdie woorde is ook gebruik in informele gesprekke om etenstafels, langs die sportveld en ja, ook in gesprekke waar mense broos en seer was.

Anders as die eerste lys wat getuig van magteloosheid, seer en moedeloosheid is daar lewe en moontlikhede in hierdie lys. Dit is woorde soos: *Genade, vriende, familie, genesing, vergifnis, blydskap, doop, herstel, dankbaarheid, gasvryheid, uitkoms, liefde, aanvaarding, hoop, Jesus, rentmeesters, inspirasie, vertroue, seëninge, Verbond, gemeenskap, kuier, sorg, geloof, Woord en gemeente!*

Met Advent wat binnekort aanbreek en die Jesuskind in ons midde, wil ek jou uitdaag: gaan maak ’n lys woorde wat jou laagtepunte in 2017 verwoord. Maar moenie daar stop nie! Maak dan nog ’n lys met woorde wat beskryf waarvoor jy dankbaar is en wat jou die afgelope jaar staande gehou het. Tussen al hierdie woorde kan jy in hoofletters skryf: “IMMANUEL” (God met ons). Mag hierdie Woord ons in staat stel om nuut te dink en te praat, om ons seëninge meer gereeld te tel en die boodskap van nuwe lewe te verkondig waar mense daarna smag.

Neil du Plessis